# Mark 10:1-12

**Fokus: vers 1-12**

**Oppad na die Kruis en te midde van Farieseër-vyandigheid, leer Jesus ons oor dissipel-wees … ook in ons huwelike.**

**Januarie 2014**

*Ps-vooraf*   Ps 145: 1, 2

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**“Ons slaan my oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**
**en die Here Jesus Christus**
**deur die kragvolle werking van die Helige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 145: 3, 5, 6, 7, 8

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – Ps 6: 1, 4

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 25: 1, 2

## Woorddiens.

Die Woord van die HERE spreek tot ons uit Mark 10:1-12.

***Psalm as antwoord op die Woord –*** Ps 25: 3, 4

***Ons Fokus op*** vers 1-12

***Skrifverklaring.***

**Inleiding**
Geliefdes by ***Mark 10:1-12***

kan mens'it nie mis nie.

Dit gaan hier oor iets wat in kerk&samelewing baie gebeur.[1]

Want dit gaan oor egskeiding-en-weer-trou.

*Bewys*

Die Fariseërs begin daaroor praat in ***vers 2***.

En in ***vers 10-12*** praat Jesus en sy dissipels weer daaroor.

En elke keer sê Jesus: Dit mag nie.[2]

*Toepassing*

En dadelik is ons by een van daai dele in die Bybel

wat ons ongemaklik maak en baie keer erg hartseer.

Party word selfs woedend.[3]

****************

Maar in ons vers-vir-vers prediking deur Markus

het ons nou hier gekom.

En biddend-nederig moet ek ***Mark 10:1-12*** nou verklaar en toepas.

---

1 Vgl English se Mark komm bl 174; Edwards se Mark komm bl 305
2 Vers 9 en vers 11-12
3 Vgl Remarage after divorce in Today's Chrurch – 3 views, bl 11-16

So kom ons vra die HERE vir sagte harte
sodat ons hierdie Woord sal kan aanneem.
En sodat ons met geloofsgehoorsaamheid uit genade alleen
dissipels van Jesus sal kan wees.
Ook in dit wat Jesus hier in ***Mark 10:1-12*** leer.

Want dis waaroor'it gaan in ***Mark 10:1-12***.
Dit gaan hier daaroor dat

| |
|---|
| **oppad na die kruis en te midde van Fariesër-vyandigheid,** |
| **Jesus ons oor dissipel-wees leer ook in ons huwelikke.** |

En dit gaan ook ons tema wees vanoggend.

En dan gaan ons stilstaan by:

- Jesus se pad na die kruis
- Die Fariseër-vyandigheid
- Hulle dwaling
- Hulle krisis
- En Jesus se onderrig oor dissipel-wees.

***************

**1.** So ons begin by **Jesus se pad na die kruis**.
En ***vers 1*** vertel daarvan as'it sê:
*"En (Jesus) het opgestaan en daarvandaan*
*deur die oorkant van die Jordaan*
*na die gebied van Judéa gegaan ..."*

*Opmerking*
En nou's hier 3 goed wat ***vers 1*** leer
oor **Jesus se pad na die kruis**.

**A.** Die *eerste* is dat Jesus "***deur die oorkant van die Jordaan***

*na die gebied van Judéa gaan ...”*

*Verduidelik*

So Jesus se pad van Galilea in die noorde
na Judea in die suide
loop aan die oorkant van die Jordaan-rivier.

Ons kan ook sê:
Jesus reis aan die ooste kant van die Jordaan na Judea.[4]

En hierdie ooste-kant-van-die-Jordaan
het die mense ook Perea genoem.[5]

*Opmerking oor ligging van Perea in Basuin*

****************

So in ***vers 1*** ontmoet ons vir Jesus oorkant die Jordaan.
Maar belangrik dan: Jesus is oppad na Judea.

*Verduidelik*[6]

En so is Jesus uiteindelik ook op-pad Jerusalem toe.

---

4 δια του περαν του ιορδανου - του περαν van το περαν het die betekenis van 'die oorkant' (Baljon bl 760). Die gen του ιορδανου beskryf vir my το περαν. Dit is 'die oorkant van die Jordaan-rivier' (Greek grammer byond basics bl 79). δια by δια του περαν του ιορδανου is, so meen ek, ruimtelik (Greek grammer beyond basics bl 368-369). ***Dus:*** 'deur die gebied van oorkant die Jordaan' (vgl ook Stein se Mark komm bl 454). Hierdie 'oorkant' is aan die oostelike kant van die Jordaan-rivier (Van Leeuwen se Mark komm bl 66; Edwards se Mark komm bl 298 voetnoot 1). Hierdie roete was die roete wat Jode gewoonlik gevolg het as hulle van Galilea na Judea gegaan het. Sohet hulle Samaria vermy (Stein se Mark komm bl 454).

5 Vgl Van Bruggen se Mark komm bl 217

6 εις τα ορια της ιουδαιας - τα ορια = mv van ὁριον, en het in die mv die betekenis van 'die gebied' (Baljon bl 693). Die gen της ιουδαιας is hier nader beskrywend van τα ορια – Dit sê aan wie τα ορια behoort (Greek grammer beyond basics bl 79, 81). ***Dus:*** 'die gebied van Judea'/ 'Die Judese gebied'.της ιουδαιας is altyd die gebied wat ook Jerusalem insluit – **Mat 3:5**; **4:25** (TDNT vol 3 bl 382; Christelijke Encyklopedie vol 4 bl 125). Dat Jesus εις τα ορια της ιουδαιας gaan wys my dat Jesus op sy lydingsweg is vanaf Galilea na Jerusalem – **Mark 10:32-33**; **Luk 9:51** (Reformation study Bible bl 1434). εις by εις τα ορια της ιουδαιας is hier rigtingaanduidend (Greek grammer beyond basics bl 369), met die betekenis van 'na die gebied van Judea toe'/ 'in die gebied van Judea in'. Ek kies hier vir die 'na … toe' betekenis van εις, omdat ek eers in **10:46** hoor dat Jesus in Jerigo kom – die roete waarlangs mens Judea van die oorkant van die Jordaan inkom op weg na Jerusalem (vgl ook Stein se Mark komm bl 454; Grogan se Mark komm bl 181; English se Mark komm bl 173).

***Mark 10:32-33*** sê dit.
En in Jerusalem gaan Jesus kruis toe
om te ly tot die dood toe.

*Gedagtestruktuur van Markus*[7]
En van ***Mark 8:31*** af is *dit* die groot saak in Markus.
Want dis daar dat Jesus dit vir die eerste keer
vir sy dissipels gesê het.

En dan hoor ons'it weer ***Mark 9:2-13.***
En ook in ***Mark 9:31***.
En in ***Mark 10:32-34*** praat Jesus weer daaroor.
En in ***Mark 11*** gaan Jesus Jerusalem binne
om kruis toe te gaan.

*Opmerking*[8]
So dis'ie baie belangrike saak van ***Mark 8:31*** af.
Jesus is op-pad kruis toe.

Ook hier in ***Mark 10:1*** en in ***vers 2-12***
waar Jesus oor skei-en- weer-trou praat.
En sê dat dit verkeerd is.

Ja in'it alles is Jesus oppad kruis toe.

****************

**B.** Vir wat?

*Opmerking*
En nou's ons by die tweede ding
wat ***vers 1*** leer oor **Jesus se pad na die kruis**.

---

7 Vgl Mark 9,14-22.docx; Mark 9,30-34.docx; Van Bruggen se Mark komm bl 217.
8 Sien ook voetnoot 7

Ja   vir wat moet Jesus Judea toe en kruis toe?
Wel   omdat Jesus die Christus is
die Gesalfde van Jahwe
wat die Koninkryk van Jahwe bring.

*Verduidelik*[9]
Die Koninkryk van lewe en vrede
waaroor die profete geprofeteer het.

Die Koninkryk    waarin Jesus reeds nou al sy
uitverkore-gelowige-dissipelvolk
onder sy koningsheerskappy laat leef.

En van ***Mark 1:14*** af tot by ***Mark 8:30***
was dit die groot fokus.

****************

Maar van ***Mark 8:31*** af wys Jesus
dat Hy ook die lydende Kneg van die HERE is
oor wie Jesaja so baie profeteer.

*Bewys*
Die Een oor wie Jesaja in Jes 53:5 sê
dat *"Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is,*
*ter wille van ons ongeregtighede verbrysel is;*
*(Ja dat) die straf wat vir ons die vrede aanbring op Hom was..."*

*Verduidelik+Toepassing*
En ons het dit nodig!
Want Christus se dissipel-volk is sondaars.
En as sondaars sal ons nooit ooit kan deel
in die vrede van die ryk van God wat Jesus bring nie.

9 Sien ook voetnoot 7

Daarom dat ***Mark 10:1*** vertel dat Jesus *"opgestaan en daarvandaan ... na die gebied van Judéa gegaan het ..."*

****************

*Bevinding*

Onthou dit tog   geliefdes   as ons deur ***Mark 10:1-12*** werk.
En Jesus ons meer leer oor dissipel-wees
ook in ons huwelike.

**C.** En dis'ie derde ding by ***vers 1***.
Ja   van ***Mark 8:31*** af   op-pad na die kruis
leer Jesus sy dissipels meer   oor ware dissipel-wees.[10]

*Bewys*

***Vers 1*** vertel daarvan   as'it sê
dat Jesus *"opgestaan en **daarvandaan** ...
na die gebied van Judéa gegaan het ..."*

*Verduidelik*[11]

En die ***daarvandaan*** is die huis in Kapernaum
waar Jesus en sy dissipels   in ***Mark 9:33***   in gegaan het.

En toe?
Wel   daar het Jesus sy dissipels onderrig   in ware dissipelskap.
***Mark 9:33-50*** vertel daarvan.
En so was Jesus ook besig in ***Mark 8:34-Mark 9:1***.

10 Vgl Stein se Mark komm bl 405, 441; Edwars se Mark komm bl 285, 287-288; Van Bruggen se Mark komm bl 207-208

11 Wat is κακειθεν se referent? Vanuit die konteks kan ek nie anders nie as om te sê dat κακειθεν terugwys na *die huis in Kapernaum*, waar Jesus in gegaan het in **Mark 9:33** (vgl ook Evans se Mark komm blk 82; Edwards se Mark komm bl 298; Van Bruggen se Mark komm bl 217). Wat vir my verder bevestig dat κακειθεν terug wys na *die huis in Kapernaum* is dat **9:35** vertel dat Jesus in die huis *gaan sit het* (καθισας). Nou, in **10:1** hoor ek dat Jesus *opgestaan het* (αναστας) (vgl ook Evans se Mark komm blk 82). ***Dus***, nadat Jesus sy 'leer' in die huis in Kapernaum (**9:33-50**) afgehandel het staan Jesus nou op en gaan hy van daaraf weg (vgl ook Evans se Mark komm blk 82).

En in ***Mark 10:1-12*** is dit nie anders nie.
Ook hier onderrig Jesus sy dissipels oor ware dissipelskap.

*Verduidelik*[12]
En weer gebeur'it as Jesus-hulle in 'n huis in gaan.
***Vers 10*** vertel daarvan.
En by ***vers 10*** sal ons meer daaroor leer.

****************

*Oorgang*
So in ***Mark 10*** is Jesus oppad na die kruis
sodat sy gelowige-dissipel-volk
salige verloste Koninkryksburgers kan word.

En oppad fokus Jesus dan veral daarop
om ons meer te leer oor dissipel-wees.

En in ***Mark 10:1-12*** gaan'it dan
oor dissipel-wees ook in ons huwelike.

**************

En alles begin toe 'n klomp vyandige Fariseërs
Jesus op-pad Judea toe ontmoet het.

**2.** En dis ons tweede punt:
**Die vyandigheid van die Fariseeërs**.
***Vers 2*** vertel daarvan.

*Opmerking*
Nou na ***vers 1*** vertel
dat Jesus *"opgestaan en daarvandaan ...*
*na die gebied van Judéa gegaan het ..."*
praat ***vers 1*** verder

12 Vgl Edwards se Mark komm bl 297; Stein se Mark komm bl 386, 457

oor wat op die pad gebeur het.[13]

Want Markus skryf
dat *"'n skare by (Jesus) vergader het;*
*en soos Hy gewoond was, het Hy hulle weer geleer."*

Maar dan in ***vers 2*** hoor ons:
*"Toe kom die Fariseërs na Hom ..."*
En *dit* voorspel niks goeds nie.

*Bewys*
**I** Want in ***Mark 7:5-6*** leer ons die Farieseërs ken
as 'n groep vir wie hul self-uitgedinkte wette en tradisies
belangriker was as die HERE se Woord.

**II** En reeds in ***Mark 3:6*** hoor ons
dat hulle Jesus wou dood maak.

En dan word alles net erger verder aan in ***vers 2***.
Want daar staan: *"Toe kom die Fariseërs na Hom;*
***en**, **om Hom te versoek**, stel hulle Hom die vraag*
*of dit 'n man geoorloof is om van sy vrou te skei?"*

*Verduidelik*
So die Fariseërs se vraag was nie opreg nie.
Dis 'n vraag met die vieslike doel[14] om Jesus te versoek.

---

13 και verbind **1b-c** eenvoudig aan **1a** (Greek grammer beyons basics bl 671). και laat die narratief dus voortgaan, en laat my hoor wat op die pad na Judea deur die gebied van oorkant die Jordaan gebeur het (vgl Groendewald se Mark komm bl 244).

14 πειραζοντες = praes part akt van πειράζω. Die part is hier doelaanduidend (Greek grammer beyond basics bl 636, voetnoot 60; Evans se Mark komm bl 82). ***Dus:*** 'om Hom te versoek'. πειραζοντες αυτον word hier baie sterk beklemtoon deur dit weg van die hoof-ww te skuif tot heel laaste in die sin – Hiperbaton (Binnewerk bl 116). **Die klem val baie sterk daar op dat die Fariseërs met hulle vraag besig is om Jesus te versoek.**

*Skrif met Skrif*

En Joh 8:6 vertel dat die Fariseërs probeer het

om Jesus te versoek *"sodat hulle iets kon hê*

*om Hom te beskuldig ..."*

En Luk 20:20[15] vertel

dat die Fariseërs Jesus *"op 'n woord (wou) betrap,*

*om Hom oor te lewer aan die owerheid ..."*

****************

So ... sien u hierdie Fariseërs

wat met hulle vraag probeer om vir Jesus te versoek

se slinkse vyandigheid?[16]

En weet u: Wat erg is

is dat hierdie Fariseërs met hulle versoeking

saam met Satan kant geskies het teen Jesus.

*Bewys*[17]

Want Satan was die eerste een

wat vir Jesus in die woestyn versoek het.

***Mark 1:13*** vertel daarvan.

*Verduidelik*

So sien u wat gebeur hier?

Net soos Satan versoek die Fariseërs vir Jesus.

Net soos Satan soek hulle Jesus se ondergang.

En so wys hulle dat hulle kinders van Satan is

al loop Abraham se bloed in hulle are.

15 Vgl TDNT vol 6 bl 35

16 Vgl TDNT vol 6 bl 28; Van Leeuwen se Mark komm bl 176; Stein se Mark komm bl 455; Edwards se Mark komm bl 300; Van Bruggen se Mark komm bl 218

17 Vgl Stein se Mark komm bl 455

Want hulle doen *“die begeertes van (hulle) vader”.*
En dit is om Jesus dood te soek
op allerhande slinkse leuenagtige maniere.
So leer Joh 8:44 byvoorbeeld.

**************

So sien u die Fariseërs se vyandigheid?
Sien u die stryd wat hier woed?

Dis die stryd van Gen 3:15
toe die HERE vir Satan gesê het:
*“Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou,*
*en tussen jou saad en haar saad (My uitverkore volk[18]).”*

Maar ons sien ook die Oorwinnaar in hierdie stryd.
Die Een uit die vrou
oor Wie die HERE in Gen 3:15 vir Satan gesê het:
*“Hy sal jou die kop vermorsel ...”*

Want Jesus is daardie Een![19]
Dis Hy wat *“verskyn het,*
*om die werke van die duiwel te verbreek.”*[20]

*Oorgang*

Ja al sien ons in ***vers 2***
die skrikwekkende slinkse versoekende vyandskap
van die Fariseërs met hulle vraag oor egskeiding
weet ons Jesus is die Christus
die Oorwinnaar wat die Koninkryk van vrede bring.

---

18 Vgl Reformation study Bible bl 14
19 Vgl Reformation study Bible bl 14
20 vertel die apostel ons in 1Joh 3:8.

**3.** Daarom dat Jesus ook oorwinnend **die Fariseërs se dwaling** ontmasker.    En dis    ons 3de punt.

*Opmerking*

En ons sien'it as ons van ***vers 2*** na ***vers 3*** gaan

waar Jesus die Fariseërs antwoord.

*Gedagtestruktuur*

In ***vers 2*** het die Fariseërs gevra

*“of dit ‘n man geoorloof is om van sy vrou te skei?”*

En nou in ***vers 3*** antwoord Jesus met 'n teen-vraag[21]

as Jesus vra:   *“Wat het Moses julle beveel?”*

En dadelik vat Jesus die Fariseërs terug Bybel toe.

*Verduidelik*

Want as Jesus vra:

*“Wat het **Moses** julle beveel?”*

dan is *Moses* 'n deel van die OT.

*Bewys[22]*

En vanuit bv Luk 16:29-31 en Luk 24:44 leer ons

dat *Moses* die deel van die OT    wat Moes geskryf het.

En dis Gen-Deut.

**************

So   wat Jesus eintlik vir'ie Fariseërs vra is:

'Wat is die geheel-boodskap   die geheel-prentjie   van Gen-Deut oor skei-en-hertrou?'[23]

**************

---

21 Vgl ook Van Leeuwen se Mark komm bl 177; Evans se mark komm bl 83.

22 Vgl TDNT vol 4 bl 864; NIDNTT vol 2 bl 639,640; Stein se Mark komm bl 455

23 Vgl Stein se Mark komm bl 455; Edwards se Mark komm bl 301

En nou'sit wanneer die Fariseërs antwoord   in ***vers 4***
dat ons hulle dwaling sien.
Want hoor hoe antwoord hulle.    Hulle sê:
*"Moses het toegelaat om 'n skeibrief te skrywe*
*en van haar te skei."*

En dan verwys hulle hier na Deut 24:1-4.

*Verduidelik*
**I** So   sien u wat doen die Fariseërs?
Jesus vra vir hulle 'n antwoord oor skei-en-hertrou uit *Moses*
maar hulle kyk net na een deeltjie van *Moses*.

Hulle vergelyk dus nie Skrif met Skrif nie.
Hulle kyk nie na een deel van *Moses*
in die lig van die res van *Moses* nie.[24]

**II** En by dit alles verstaan hulle Deut 24:1-4 heeltemal verkeerd.

*Bewys*
Want in Deut 24:1-4 staan daar:
*"As 'n man 'n vrou ... trou,*
*en as sy dan geen guns in sy oë vind nie ...*
*en hy haar 'n skeibrief ... gee en haar uit sy huis wegstuur,*

*en sy uit sy huis uittrek en weggaan*
*en 'n ander man s'n word,*
*en dié laaste man ... haar 'n skeibrief ... gee*
*en haar uit sy huis wegstuur ...*
*dan mag haar eerste man wat haar weggestuur het,*
*haar nie weer neem, dat sy sy vrou word ... nie ..."*

24 Vgl Edwards se Mark komm bl 302

Nou   ons hoor hier van 'n tragiese sonde-toestand
in die dae van Moses.
Ons hoor van mans wat aanhoudend skei.
Dis'ie situasie.[25]

En dan geïnspireerd deur die Gees
gee Moses 'n beperkende maatreël   in Deut 24:1-4
wat sê     dat as 'n man sy vrou skei,
en 'n ander-man trou sy vrou
maar skei haar dan ook weer
dan mag hy sy vrou nie weer terugvat nie.[26]

En dan'sit baie duidelik
al verstaan ons nie al die detail nie
dat Deut 24:1-4 nooit bedoel was   om te sê:
'hi, hoor hier:   dis maar oraait
om te skei    en weer te trou   met iemand anders.'[27]

Nee!   Deut 24:1-4 was bedoel
om sommer-maklik-skei-en-weer-trou moeiliker te maak
en ook om vrouens te beskerm
dat hulle nie soos goedkoop gebruiksartikels gevat en gelos
en gevat en gelos   word nie.[28]

**************

*Oorgang*

So   sien u die dwaling van die Fariseërs?
Sien u hoe verkeerd hulle die Skrif gebruik?

---

25 Vgl NIDOTTE vol 2 bl 718; Reformation studdy Bible bl 277; K&D se Pentat komm bl 416-417; Van Bruggen se Mark komm bl 219

26 Vgl  Reformation study Bible bl 277, 1347; NIDOTTE vol 4 bl 388; K&D se Pentat komm bl 416-418; Evans se Mark komm bl 84

27 Vgl Stein se Mark komm bl 456; Van Bruggen se Mark komm bl 219-220; Groenewald se Mark komm bl 245

28 Vgl Reformation study Bible bl 277, 1347; NIDOTTE vol 4 bl 388; K&D se Pentat komm bl 416-418; Evans se Mark komm bl 84

Sien u hoe verkeerd hulle Deut 24:1-4 verstaan?
Maar hoekom?

**4.** Wel die antwoord kry ons
as ons in die vierde plek stilstaan by **die Fariseërs se krisis**.

*Opmerking*
En ***vers 5-9*** wys dat hierdie krisis uit drie dele bestaan.

**A.** Die eerste is dat die Fariseërs harde harte het.
En Jesus praat daaroor in ***vers 5***
as Hy vir die Fariseërs
wat egskeiding-en-hertrou probeer regverdig
met Deut 24:1-4 se skeibrief-gebod
sê:
*"Vanweë die hardheid van julle harte*
*het (Moses) vir julle hierdie gebod geskrywe."*

*Verduidelik*
So in ***vers 5*** gee Jesus die rede[29]
vir Deut 24:1-4 se skeibrief-gebod.

Dis 'n gebod wat gegee is
omdat Israel in die dae van Moses harde harte het.

*Verder verduidelik*
En as ek 'n harde hart het
- dan's ek in vyandskap teen die HERE
- dan wil ek nie sy wil doen nie.

So leer Rom 8:7.[30]

29 προς by προς την σκληροκαρδιαν υμων dui oorsaak aan (Binnewerk bl 90). ***Dus:*** 'as gevolg van die harde hart van julle'.
30 TDNT vol 3 bl 614; Van Bruggen se Mark komm bl 219

Nog iets van 'n harde-hart-mens
is dat jy totaal self-gesentreerd is.
Daar's net mooi niks van selfopofferende-liefde
waarmee jy ander dien nie.[31]

Nee, al wat daar by jou is is 'n gesindheid
dat jy nie die HERE as Koning oor jou lewe wil hê nie.
Nee! Jy wil self God wees
en jou eie wet-maker wees.[32]

En met jou harde hart skei jy dan as ***jy*** wil
en jy trou ook weer ... met iemand anders ***soos jy wil***.

***************

En nou'sit vir so 'n aaklige sondige harde-hart-situasie
dat Moses in Deut 24:1-4 die skeibrief-gebod gegee het.

En weet u:
Hierdie harde-hart-krisis is ook die Fariseërs se krisis.
Ja ook hulle harte is hard.

*Bewys*[33]
Want hoor wat sê Jesus in ***vers 5***.
Hy sê nie:
"*Vanweë die hardheid* ***van Israel in die woestyn*** *se harte het Moses vir* **hulle** *hierdie gebod geskrywe*" nie.

---

31 Dit waaroor Jesus bv leer in Mark 8:34 en 9:35 en in Joh 13:34 (Vgl Van Bruggen se Mark komm bl 221; comm on the NT use of the OT bl 199; Berhof, Systematic theology, bl 229-230).

32 Vgl Heyns, Dogmatiek, bl 177

33 υμων = pers vnw 2de mv. Dit is hier anafories en wys terug op die Farieseërs (Greek grammer beyond basics bl 324). σκληροκαρδιαν *behoort* (die gen van υμων is ook 'n besitsgen – Greek grammer beyond basics bl 324) dus *aan hulle* … Ja … ook aan hulle. Nie net aan die woestyn-geslag vir wie Moses die eerste keer **Deut 24:1-4** gegee het nie (vgl ook Van Bruggen se Mark komm bl 219; Stein se Mark komm bl 456).

Nee! Jesus sê:
*"Vanweë die hardheid van **julle** (julle Fariseërs se) harte
het Moses vir **julle** hierdie gebod geskrywe."*

So sien u die Fariseërs se krisis.
Hulle het harde harte wat totaal self-gesentreerd is.
Harte waarin ***ek*** en ***my*** wil regeer.
En nie die HERE en sy wil nie.

****************

**B.** En dis presies daarom
dat die die Fariseërs so anders as Jesus werk met die Bybel.

*Opmerking*
En dis hulle tweede krisis.

Want kyk wat doen Jesus in ***vers 6-9***
as Hy praat oor egskeiding-en-hertrou.
Hy vergelyk Skrif met Skrif.[34]

En dan gaan Jesus na 'n gedeelte in Gen-Deut
waar ons die HERE se goeie wil en doel
ook vir die huwelik
die duidelikste raaksien.[35]

*Verduidelik*
Want kyk wat sê Jesus in ***vers 6-9***.

*Gedagtestruktuur*
Dis nou nadat Jesus in ***vers 5*** vir die Fariseërs gesê het

34 Vgl Edwards se Mark komm bl 302; Stein se Mark komm bl 456; Groenewald se Mark komm bl 245
35 Vgl Edwards se Mark komm bl 302; Stein se Mark komm bl 456; Groenewald se Mark komm bl 245

dat Moses die skeibrief-gebod van Deutr 24:1-4 gegee het:
*“Vanweë die hardheid van julle harte.”*

Dis dan dat Jesus in ***vers 6-9*** sê:
*“maar van die begin van die skepping af*
*het God hulle man en vrou gemaak*
En dan haal Jesus aan uit Gen 1:27.[36]

*Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat*
*en sy vrou aankleef,*
*en hulle twee sal een vlees word*
En dan haal Jesus aan uit Gen 2:24.[37]
*sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.*

En dan maak Jesus die gevolgtrekking en sê:[38]
*Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.”*

**************

So sien u wat doen Jesus?
Hy soek die duidelike wil van die HERE oor die huwelik.

En dan kry Jesus dit
in die HERE se skeppingsdoel-en-skeppingsorde.

En die HERE se skeppingsdoel-en-orde
is dat Hy die mens man-en-vrou geskep het
En daarom is man-en-vrou in die huwelik werklik een.
En daarom is egskeiding totaal verkeerd.

---

36 Vgl Stein se Mark komm bl 456; Evans se Mark komm bl 84

37 Vgl comm on the NT use of the OT bl 198

38 Met ουν gee Jesus nou 'n gevolgtrekkende (Greek grammer beyond basics bl 673) verbod (μη χωριζετω). Hierdie verbod hou dan in dat 'n man en vrou ogv God se skeppingsorde nie mag skei nie (vgl Evans se Mark komm bl 84).

Ja   so leer Jesus vanuit Gen 1:27 en Gen 2:24
waar ons hoor van die mens se skepping.
En die instelling van die huwelik.

*****************

*Toepassing*

Maar dis'ie wat die harde-hart-Fariseërs doen nie.

Nee!   Met hulle harde-selfgesentreerde-harte
wat ***wil*** skei    probeer hulle hulself regverdig.

En dan gebruik hulle Deut 24:1-4 se skeibrief-gebod
soos hulle dit met hulle harde harte verstaan
sonder om werklik na die wil van die HERE in sy Woord te soek.

*****************

En ons?   Is dit nie ook ons krisis nie?
Ook as dit kom by hierdie baie moeilike
en ongemaklike en hartseer besigheid van egskeiding?

Die HERE se wil is duidelik.
Sy skeppingsorde is eenvoudig.
En Jesus, ons hoogste Profeet ene Leraar,
se preek daaruit is kort en maklik.

En dit sê:   die HERE se skeppingsorde
Ja   die HERE se Koningsheerskappy sê:
Egskeiding mag nie.

En dan?    Wel dan kom ek met my harde hart.
En ek probeer my egskeiding-en-hertrou regverdig.
En ek sal selfs teks-verse gebruik om dit te doen.

******************

**C.** En weet u: Wat so tragies is.

En dis die Fariseërs se derde krisis
is dat hulle met hulle harde harte in opstand is teen Jesus
die Christus die Messias van die HERE.

*Verduidelik*[39]

Ja hulle is in opstand teen Jesus
wat die HERE se Koningsheerskappy
soos die HERE dit vasgestel het in sy skeppingsorde
weer 'n werklikheid kom maak in hierdie wêreld.

******************

*Toepassing*[40]

En dis verskriklik om sonder bekering aan te hou
om met 'n harde hart
jou te verset teen Koning Jesus se regering
in lyn met God se skeppingsorde ook vir die huwelik.

*Bewys*

Want in 1Kor 6:10 sê Paulus:
*"Moenie dwaal nie!*
*Geen ... egbrekers*
wat sonder bekering met harde harte aanhou
om hulself te regverdig
*sal die koninkryk van God (wat Christus bring) beërwe nie."*

*Selfondersoek*

So waar staan ons geliefdes?
Staan ons by die vyandige Fariseërs met hulle harde harte
wat met teksverse probeer
om hulle praktyk van egskeiding-en-hertrou te regverdig

39 Vgl Floor, Die Evangelie van die Konikryk, 17, 24; comm on the NT use of the OT bl 199
40 Vgl Van Bruggen se Mat komm bl 101.

en so besig is om die HERE se goeie skeppingsorde
vir die huwelik te verag
en in opstand te wees teen Christus?

Of bekeer ons na Jesus. Besef ons ons sonde?

*Oorgang*
En volg ons dan vir Jesus na die huis van ***vers 10***
waar Jesus sy dissipels verder onderrig
oor wat ware dissipel-wees beteken ook in ons huwelike.

**5.** En nou's ons by ons laaste punt
waarmee ons gaan afsluit.
En dan gaan dit hier
oor **Jesus se onderrig oor dissipels-wees**.

Nou hierdie onderrig gebeur
toe die dissipels alleen saam met Jesus
*"in die huis"* was.[41] ***Vers 10*** vertel ons daarvan.

Dis daar waar Jesus se dissipels
*"Hom weer oor dieselfde saak gevra"* het.
Vertel ***vers 10***.

****************

En toe? Wel toe leer Jesus sy dissipels

41 In **Mark 9:28** vind daar ook spesifieke onderrig plaas nadat Jesus en sy dissipels εισελθοντα … εις οικον. Vgl ook **7:17** (vgl ook Evans se Mark komm bl 85; Edwards se Mark komm bl 303). Verder: Jesus en sy dissipels is hier alleen – soos in **4:10,34**; **7:17**; **9:11**. Dit is gewoonlik in sulke tye dat Jesus sy dissipels spesifiek onderrig (vgl Evans se Mark komm bl 85; Stein se Mark komm bl 457). Wat belangrik is, is dat die vorige keer dat Jesus εν τη οικια was (**9:33**), daar εν τη οικια onderrig plaas gevind oor dissipelskap (**9:33-50**) – iets waarmee Jesus besig is vandat Hy aangekondig het dat hy moet ly (**8:31**; **9:31**); dit word 'n patroon: Jesus kondig aan dat Hy gaan ly en daarna volg disssipelsskap onderrig (Stein se Mark komm bl 386, 457) … En in **Mark 10** is Jesus steeds hiermee besig (Edwards se Mark komm bl 297). Hier in **10:10-12** word nou weer, deur die dissipels se vraag so 'n geleentheid geskep. Hierdie keer gaan die onderrig egter oor dissipel-wees en huwelksbeskouing (vgl Stein se Mark komm bl 457).

ook vir ons vandag
wat sy koninklike-wil is vir sy dissipels se huwelike.

En Jesus doen dit as Hy in ***vers 11-12*** sê:
*"Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou,*
***pleeg egbreuk*** *teen haar;*
*en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou,*
***pleeg sy egbreuk****."*

*Verduidelik*[42]
En wat is egbreek?
Wel egbreek so leer ons vanuit die Skrif
is die selfde as owerspel.

En owerspel is wanneer ek
terwyl ek getroud is met my eie vrou
met 'n ander vrou 'n verhouding het.

En nou leer Jesus sy dissipels in ***vers 11-12***
dat wanneer ons skei-en-weer-trou met 'n ander
dan's ons besig met egbreek of owerspel.

*Opmerking*[43]
En daar is uitsonderings bv hoerery.
Jesus praat daaroor in Mat 5 en Mat 19.
En Paulus noem ook nog een uitsondering in 1Kor 7.

---

42 μοιχαται van μοιχάωhet die betekenis van 'egbreuk'/'owerspel'/'hoerery' (Baljon bl 623-624). Om 'egbreuk'/'owerspel' te pleeg is om met 'n vrou te leef asof jy getroud is, terwyl jy nie getroud is nie; of dit is om terwyl jy getroud is, ontrou te wees aan jou huweliksmaat – bv om met 'n ander vrou seks te hê. In die OT was hierdie sonde strafbaar met die dood – bv **Lev 20:10**; **Deut 22:22** … In die NT is dit veel erger. In **1Kor 6:9-10** sê Paulus dat 'n egbreker nie die KK van God sal beërwe nie. Vgl ook **Gal 5:19-21**; **1Tim 1:10**; **Heb 13:4; Openb 21:8** (vgl Verklarende Afrikaanse Woordeboek bl 166; NIDNTT vol 2 bl 582,583,584; Stein se Mark komm bl 458; Edwards se Mark komm bl 303).

43 Vgl Edwards se Mark komm bl 305; Grogan se Mark komm bl 184

Maar Markus noem dit nie.

Hoekom?
Wel omdat hy geïnspireerd deur die Gees
die klem baie sterk sit op die groot beginsel
wat Jesus in ***vers 11-12*** leer.

En dit is dat wanneer ons skei-en-weer-trou met 'n ander
dan's ons besig met egbreek of owerspel.

*Verduidelik*[44]
En hoekom?
Wel omdat my daad van egskeiding die huwelik
waarin die HERE man en vrou saamgevoeg het
nie kan verbreek nie.

So al skei ek voor die HERE bly ek getroud.

En as ek dan weer trou met 'n ander vrou?
Wel dan's ek voor die HERE
besig met die sonde van owerspel.

*Bewys*
Daarom dat Paulus bv in 1Kor 7:10-11 sê:
*"En aan die getroudes beveel ek*
*nie ek nie, maar die Here*
*dat die vrou nie van die man moet skei nie;*
***en as sy tog van hom skei,***
***moet sy ongetroud bly,***
***of haar met haar man versoen*** *..."*

44 Vgl NIDNTT vol 2 bl 582,583; Van Leeuwen se Mark komm bl 178; Evans se Mark komm bl 85; Edwards se Mark komm bl 303; Van Bruggen se Mark komm bl 221

*Toepassing*[45]

En weet u geliefdes:

Wat Jesus hier leer is radikaal. So ontsettend radikaal.

*Verduidelik*

Want in die dae toe Jesus op aarde was
en vandag ook
is ons manier om huweliksprobleme
wat vir ons onoorkomelik lyk
op te los met 'n egskeiding.
Dis ons harde-hart-manier.

En die manier waarop ons dan weer geluk vind
so dink ons
is om weer te trou.

Maar dan kom Jesus so ontsaglik kragtig radikaal
en Hy sê:
Nee! Dit is nie die oplossing nie.

Want voor die HERE is jy besig met egbreek.
Jy's besig om die wye pad na die hel te stap
waar alles so skrikwekkend ongelukkig is.[46]

Ja dis nie die smal-pad
waarop Jesus sy dissipel-volk na die lewe lei nie.[47]

******************

Nee! Die pad agter Jesus aan
ook in ons huwelikke
is om die radikale dissipels-onderrig van Jesus

45 Vgl Cole se Mark komm bl 235
46 Mat 7:13-14
47 Mat 7:13-14

in ***Mark 8:34*** en ***Mark 9:35*** in ons huwelike toe te pas.[48]

Daar waar Jesus sê:
*"Wie agter My aan wil kom,*
***moet homself verloën*** *en sy kruis opneem en* ***My volg****."*

En: *"As iemand die eerste wil wees,*
*moet hy die laaste van almal en* ***almal se dienaar*** *wees."*

Ja   dis hoe ons dissipels van Jesus is
in ons huwelike.
Dis hoe ons die grootste huwelikskrisis oorkom.
Dis hoe ons nie skei nie   En ook nie weer trou nie.

Dis om ons ons self verloën
en ***my*** wil   en ***my*** geluk prysgee.

En sê:
'Here Jesus   word my alles.
Here Jesus   verlos my van my eie wil!
Sodat ek myself kan verloën
en die laaste van almal kan word
en met selfopofferende liefde my vrou kan dien'.

*****************

**Slot**

Ja   geliefdes   Jesus se onderrig oor dissipel-wees
   ook in ons huwelike
is radikaal anders.

Dit staan lynreg teenoor hierdie wêreld
se dink-en-doen oor trou-en-skei-en-weer-trou

48 Vgl van Bruggen se Mark komm bl 221; coo on the NT use of the OT bl 199

waar ***ek*** en ***my*** wil in die middelpunt staan
en alles bepaal.

Maar by Jesus is dit anders!
Hier leer Hy:
'Verloën jouself en word niks
en dien mekaar in selfopofferende liefde.'

****************

Maar hoe? Wel nie uit ons self nie!
Nee, wat ons nodig het is 'n Christus
wat *"opgestaan en daarvandaan ...*
*na die gebied van Judéa gegaan het ..."*
Soos ons hoor in ***Mark 10:1***.
Om daar in Jerusalem te gaan ly
sodat Hy sy dissipel-volk in sy bloed en sy Gees kan doop
sodat ons 'n nuwe lewe kan lei.[49]

En kan hoor as Hy vir ons in Joh 15:4-5 sê:
*"Bly in My, soos Ek in julle ...*
*Ek is die wynstok, julle die lote.*
*Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;*
***want sonder My kan julle niks doen nie****."*

*Selfondersoek*
**I** So geliefdes bid ons dit?
Bid ons en vra ons:
'Here Jesus kom bly in my
sodat U lewe van selfverloëning
en die dienende liefde van Mark 10:45
toe U gesê het:
*"die Seun van die mens het ... nie gekom*

49 Sondag 26 v/a 69-70

*om gedien te word nie,*

*maar om te dien ..."* al meer werklik word in my

en ek al meer 'n dissipel kan wees in my huwelik.'

***************

**II** En geliefdes vir ons

wat hierdie sonde gedoen het

van skei-en-weer trou met 'n ander?

Het ons al opgehou

om ons self te probeer regverdig

soos die Fariseërs?

En het ons toe vasgegryp aan die Christus

wat *"opgestaan en daarvandaan ...*

*na die gebied van Judéa gegaan het ..."*

om daar in Jeruaslem te gaan ly

sodat Hy eenmaal in Joh 8 vir 'n vrou

wat egbreek gepleeg het[50] kon sê:[51]

*"Ek veroordeel jou ook nie.*

*Gaan heen en sondig nie meer nie."*

## Antwoorddiens

**Amen.**

***Psalm as antwoord op die Woord* –** Ps 25:3,4

***Gebed***

50 Joh 8:3

51 Joh 8:11

***Barmhartigheidsdiens***

*Ps-kollekte* Ps 34: 3, 4, 5

***Slotsang –*** Ten slotte sing ons Ps 1: 1, 4

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**"Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**